Die nominale en die reële effektiewe wisselkoers van die rand het gedurende die eerste agt maande van 1991 betreklik bestendig gebly. Aan die einde van Augustus 1991 was die nominale effektiewe wisselkoers van die rand slegs 5,7 persent benede die vorige onderste draaipunt op 18 September 1989.

Op die gebied van die geld- en die bankwese het die stygings oor twaalf maande van bykans al die belangrikste monetêre totale in die eerste ses maande van 1991 skerp gestyg, hoofsaaklik te wyte aan die inwerktingreding op 1 Februarie 1991 van die nuwe regulasies ingevolge die Wet op Depositonemende Instellings. Na aanleiding van hierdie wysigings van die regulasies het die monetêre instellings verskeie soorte buitebalansstaatposte in gewone deposito's en voorskotte omgeskakel, en dit het die groei in die geldvoorraad en die bankkrediet laat toeneem. Indien die groei in geldvoorraad en bankkrediet van die einde van Februarie (die maand waarin die nuwe regulasies in werking getree het) tot aan die einde van Junie gemeet word, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename onderskeidelik slegs 11,6 en 13,8 persent beloop.

Die geldmark het sedert die begin van 1991 betreklik likwied gebly as gevolg van die algehele verbetering van die betalingsbalans, 'n afname in die Regeringsdeposito's gedurende die eerste vier maande van die jaar, die tekorte wat op die Reserwebank se termynboek aangeteken is en die verlaging van die monetêre instellings se kontantreserwevereistes. Ingevolge die beperkende monetêre beleidsingesteldheid het die Reserwebank die ruimer toestande op die geldmark teengewerk deur gebruik te maak van valutaruiltransaksies en die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd. Die hoë onderliggende likwiditeit in die geldmark en rentekoersverwagtings het egter tot 'n effense afname in die korttermynrentekoerse aanleiding gegee.

Langtermynrentekoerse het daarteenoor in die tweede kwartaal van 1991 verstewig want twyfel het ontstaan of die inflasiekoers sou afneem en of die Sentrale Regering in staat sou wees om sy begrote leningsvereiste binne perke te hou. Handelsbedrywigheid in die sekondêre kapitaalmark in sy geheel het in die eerste agt maande van 1991 versnel. Aanmerklike stygings in die pryse van alle hoofgroepse aandele het in dieselfde tydperk plaasgevind.

Op die gebied van die Staatsfinansies is die eerste vyf maande van die fiskale jaar (April tot Augustus 1991) gekenmerk deur toenames in die Skatkisuitreikings wat effens hoër was as die geraamde toenames in die Staatsuitgawes, maar die toenames in die inkomste was heelwat laer as wat in die Begroting verwag is. Boonop het die koers van toename in die Skatkisontvangste sedert die Junie-kwartaal van 1990 'n aanmerklike afnemende neiging getoon. Hierdie laer ontvangste was hoofsaaklik verantwoordelik vir die Skatkis se tekort voor lenings en skuldterugbetalande van R8 665 miljoen in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92, of gelyk aan 85,6 persent van die totale geraamde tekort vir die volle fiskale jaar. Die regering het bykomende fiskale maatreëls in Augustus 1991 en vroeg in September aangekondig wat hoofsaaklik in verband staan met die belasting op toegevoegde waarde, sosio-ekonomiese opheffing en korttermyn-belastingaansporings vir uitvoerondernemings. Hierdie maatreëls kan die stimulerende uitwerking van die Begroting laat toeneem.

Soos reeds in die Presidentsrede tydens die Bank se Algemene Jaarvergadering op 27 Augustus 1991 gemeld is, kan die aansporings wat die fiskale pakket bied help om die verbruiks- en kapitaalbesteding aan te moedig en kan dit moontlik bydra om die matige konjunkturele afname in ekonomiese bedrywigheid tot 'n einde te bring of selfs om 'n opwaartse beweging in die ekonomiese bedrywigheid in die nabye toekoms te bewerkstellig. Die leidende konjunktuuranaalwyser van die Bank het in die eerste vyf maande van 1991 ook opwaarts beweeg, en dit dui 'n moontlike toekomstige uitbreiding in ekonomiese bedrywigheid aan. Die lae voorraadvlakte beteken ook dat enige toename van die binnelandse vraag spoedig in hoër produksievlekke en groei weerspieël sal word. Terselfdertyd dien die gunstige posisie van die betalingsbalans en die hoër vlak van die buitelandse reserwes as 'n buffer vir die toenames in invoer wat gewoonlik met die hoër vlak van binnelandse bedrywigheid gepaardgaan. Dit wil tans ook voorkom asof 'n matige opwaartse beweging in die Suid-Afrikaanse ekonomie nou 'n besliste moontlikheid is.

Binnelandse ekonomiese ontwikkelings

Binnelandse produksie

Die totale reële bruto binnelandse produk wat van die vierde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1991 vir ses kwartale teen wisselende jaarkoerse van tussen $\frac{1}{2}$ en $2\frac{1}{2}$ persent per kwartaal gedaal het, het in die tweede kwartaal van 1991 bykans geen verandering getoon nie. Hierdie sywaartse beweging in totale reële produksie was die gesamentlike uitwerking van 'n styging in die reële toegevoegde waarde in die primêre en tersiêre sektore en ook 'n laer koers van afname in die produksie van die sekondêre sektore.


Die reële produksie in die primêre sektore wat van die derde kwartaal van 1990 gedaal het, het in die tweede kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent toegeneem, as gevolg van toenames in die reële toegevoegde waarde van die landbou- en die mynbousektor. Die landbouproduksie het vanaf 'n hoogtepunt in die derde kwartaal van 1989, dwarsdeur 1990 gedaal en toe van die begin van 1991 effens begin herstel. Dit het tot gevolg gehad dat reële inkomte in die landbou in die eerste helfte van 1991, in vergelyking met die laaste ses maande van 1990, teen 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent toegeneem het.

In die mynboubedryf is die verbetering in die reële toegevoegde waarde veroorsaak deur geringe toenames in die subsektore goud- en steenkoolmynbou wat dalings in die diamant- en ander mynbou-ondernehemings teengetrek het. Die toenames in die tonnemaat gouderts vergruis en die betreklik stabiele arbeidstoestande het bygedra tot 'n styging in die hoeveelheid goud wat geproduceer is, terwyl die hoër vlakke van die steenkoolproduksie aan die gunstiger ontwikkelings op die

Reële bruto binnelandse produk



Fabriekswese



dalings in die konjunktuurgolf, het die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor deurgaans 'n duidelik opwaartse neiging in die huidige daalfase getoon. Die jaarkoers van toename in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor het egter in die tweede kwartaal van 1991 verlangsaam tot ongeveer $\frac{1}{2}$ persent, van bykans 1 persent in die voorafgaande kwartaal. Stadiger groei in die reële toegevoegde waarde van die tersiêre sektor het in ongeveer al die subsektore voorgekom, behalwe in die handel. Nadat die reële toegevoegde waarde van die handel in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem het, het dit gedurende die tweede kwartaal op hierdie laer vlak gebly; toenames in die reële produksie van die groothandel wat hoofsaaklik aan die voortgesette hoë vlak van die buitelandse handel toegeskryf kon word, was bykans ten volle deur afnames in die reële toegevoegde waarde van die klein- en motorhandel geneutraliseer.

Die koers van toename in die reële toegevoegde waarde in die vervoer- sowel as die finansiese sektor, het in die tweede kwartaal van 1991 'n jaarkoers van sowat 1 persent bereik. Dit het plaasgevind ná toenames van onderskeidelik ongeveer $1\frac{1}{2}$ persent en 2 persent in die eerste kwartaal van 1991. Die laer maar steeds positiewe groeikoerse van hierdie twee sektore kon hoofsaaklik aan die voortgesette hoë vlak van die reële uitvoer, die lewendigheid van die effektebeurs en die hoë vlak van transaksies in vaste eiendom toegeskryf word.

Binnelandse besteding

Na 'n geringe herstel teen jaarkoerse van 3 en 4 persent in die totale reële bruto binnelandse besteding in die tweede en derde kwartaal van 1990, het die groeikoers in die besteding in die volgende twee kwartale skerp van 'n groot negatiewe tot 'n groot positiewe koers van verandering gewissel. Die reële bruto binnelandse besteding het daarná, in die tweede kwartaal van 1991, weer teen 'n jaarkoers van ongeveer 3 persent afgeneem tot 'n vlak van net meer as 4 persent benede dié van die eerste kwartaal van 1989. Hierdie afname in die totale reële binnelandse besteding is teweeggebring deur afnames in die reële private verbruiksbesteding en in die totale reële vaste kapitaalbesteding. Verder het die koers van afbouing van totale reële voorrade opnuut versnel. In teenstelling met hierdie ontwikkelings het die reële verbruiksbesteding van die algemene owerheid voortgegaan om aansienlik toe te neem.


Die betreklik stewige vraag na verbruikersgoedere en -dienste in die huidige ekonomiese afwaartse beweging het vroeg in 1991 begin om af te plat. Die hersiene ramings toon 'n daling in die besteding aan duursame en semi-duursame goedere en dienste vanaf die begin van 1991 wat

internasionale markte toegeskryf kan word. Afnames in die reële toegevoegde waarde van die diamant- en "ander" mynbou is 'n weerspieëeling van die laer ekonomiese bedrywigheid in 'n aantal nywerheidslande, 'n oormatige wêreldvoorraad van sekere metale en minerale en die heersende swak vertoning van sommige basiese-metaalprysse.


Die koers van afname in die reële produksie van die sekondêre sektore het van 'n jaarkoers van ongeveer 5 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot ongeveer $2\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal afgeneem; 'n verdere daling in die omvang van fabrieksproduksie en die ongunstige toestande in die konstruksiebedryf het 'n klein toename in die reële produksie van die sektor wat elektrisiteit, gas en water voorsien, teengewerp. 'n Duidelik opwaartse neiging in die fabrieksproduksie kan van die middel van 1989 waargeneem word en die produksie van duursame en nie-duursame goedere was in die tweede kwartaal van 1991 sowat 3 persent onder die hoogtepunt van die tweede kwartaal van 1989. Die benutting van die produksievermoë in die fabriekswese het ook voortdurend tot slegs $81\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem.

In teenstelling met die voorafgaande twee

Hoofkomponente van reële bruto binnelandse besteding



Reële private verbruiksbesteding



toerusting, persoonlike vervoertoerusting en ontspannings- en vermaakklikheidsgoedere ontstaan. Die reële verbruiksbesteding deur huishoudings aan semi-duursame goedere het teen 'n jaarkoers van $1\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal, terwyl besteding aan dienste op ongeveer dieselfde vlak as in die voorafgaande kwartaal gebly het. Die verdere toename teen 'n jaarkoers van 1 persent in die huishoudings se totale besteding aan nie-duursame verbruikersgoedere was 'n weerspieëeling van die noodsaakliker en nie-diskresionêre aard van hierdie soort besteding wat normaalweg styg namate die bevolking groei.

Die reële verbruiksbesteding deur die algemene owerheid het weer aansienlik in die tweede kwartaal van 1991 gestyg. Hierdie toename teen 'n jaarkoers van meer as 12 persent het ná toenames teen jaarkoerse van 16 persent in die vierde kwartaal van 1990 en $19\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1991 voorgekom. As gevolg hiervan was die reële owerheidsverbruiksbesteding in die twaalf maande tot Junie 1991 5 persent groter as in die voorafgaande twaalf maande, en in die eerste helfte van 1991 was die reële owerheidsverbruiksbesteding ongeveer $9\frac{1}{2}$ persent bo die vlak van die ooreenstemmende tydperk in 1990. Hierdie voortgesette skerp toename in die totale reële owerheidsverbruiksbesteding het bykans geheel en al op die reële besteding aan intermediêre goedere en dienste plaasgevind; die reële vergoeding van die owerheidswerknemers het slegs effens gestyg teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van sowat $\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1991.

Die koers van afname in die totale reële bruto binnelandse vaste investering het aansienlik in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n geraamde jaar-

aanvanklik 'n heelwat stadiger groei in die totale reële private verbruiksbesteding teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van die jaar veroorsaak het. Die huishoudings se reële besteding aan verbruikersgoedere en -dienste het in die tweede kwartaal van 1991 teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent afgeneem. Hierdie was die eerste daling in die reële private verbruiksbesteding sedert die eerste kwartaal van 1986 en was hoofsaaklik aan 'n effense daling van die reële persoonlike beschikbare inkomte toe te skrywe. Die koers van toename van die reële persoonlike beschikbare inkomte het van 'n gemiddelde van $1\frac{1}{2}$ persent in 1990 tot $\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem en daarna het die beschikbare inkomte teen $\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal gedaal. Die voortgesette afkoeling van die ekonomie en die aansienlike afdanking van werkers het waarskynlik ook tot versigtiger begrotingsbeplanning deur huishoudings bygedra.

Die koers van afname in die reële besteding aan duursame verbruikersgoedere het van 2 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot sowat $4\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal versnel. Hierdie duideliker afname in die tweede kwartaal het hoofsaaklik in die besteding aan meubels en huishoudelike


koers van $7\frac{1}{2}$ persent versnel; in die tweede helfte van 1990 was die gemiddelde kwartaallikse afname teen 'n jaarkoers sowat $5\frac{1}{2}$ persent en in die eerste kwartaal van 1991 het die vaste kapitaalbesteding teen 'n koers van $3\frac{1}{2}$ persent gedaal. Die reële vaste kapitaalvorming het dus nou vir sewe agtereenvolgende kwartale gedaal. Die verdere en vinniger koers van afname in die reële vaste kapitaalvorming was die gesamentlike resultaat van afnames in die vaste investeringsuitgawes van die private en openbare sektore.

Die reële vaste kapitaalvorming deur die *private sakeondernemings* het voortdurend vanaf die tweede kwartaal van 1990 gedaal. In die tweede kwartaal van 1991 het dit teen 'n jaarkoers van nie minder nie as $5\frac{1}{2}$ persent afgeneem, wat aansienlik hoër is as die jaarkoerse van afname wat in die voorafgaande vier kwartale van $1\frac{1}{2}$ tot $4\frac{1}{2}$ persent gewissel het. 'n Aantal faktore, soos die politieke onsekerhede, die lae en afnemende vlak van ekonomiese bedrywigheid, binnelandse onrus en onenigheid in bestuurs/arbeidsverhoudinge het 'n negatiewe uitwerking op die vaste investering in die private sektor gehad. In die jongste tyd het die uitstel van die besteding aan kapitaalgoedere tot ná die inwerkingstelling van die belasting op toegevoegde waarde ook tot 'n afname in die private sektor se reële besteding aan masjinerie en vervoertoerusting bygedra.

Meer bepaald het die afname in die reële vaste kapitaalvorming in die landbousektor ook ontstaan vanweë die stygende vlakke van die landbouskuld, betreklik hoë nominale rentekoerse, 'n voortgesette verswakkning van die ruitfoot van die landbou en onsekerhede oor die toekomstige grondhervormingsbeleid. Die reële vaste kapitaalvorming in die mynbousektor het ook in die tweede kwartaal van 1991 aansienlik verder gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die besnoeiingsprogramme in die goudmynboubedryf. Die teleurstellende swak vertoning van sekere internasionale prysse van onedele metale het ook enige toename in die produksievermoë van die ander mynbou-onderneemings verhinder.

Ten spyte van die algemeen negatiewe klimaat vir vaste investering in die land, het die besteding aan vaste investering van die private vervaardigingsondernemings in die eerste helfte van 1991 aanmerklik verbeter. Nadat 'n toename teen 'n jaarkoers van 5 persent in die eerste kwartaal aangeteken is, het die reële vaste investering in die private fabriekswese verder in die tweede kwartaal teen 'n jaarkoers van 3 persent gestyg. Hierdie toenames in 'n gevorderde stadium van die afwaartse beweging van die konjunkturgolf kon hoofsaaklik aan die sterk groei in die uitvoer van vervaardigde goedere en die uitbreiding van die produksievermoë in die subsektore soos papier-

Reële bruto binnelandse vaste investering



vervaardiging en drukwerk, die chemiese bedryf en die verwerking van onedele metale toegeskryf word. Dit het ook tot die lae benutting van die produksievermoë in die fabriekswese bygedra.

Die reële vaste kapitaalvorming van die *openbare sektor* het teen 'n jaarkoers van ongeveer 11 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal, teenoor $3\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal. Dit was die netto resultaat van 'n aansienlike afname in die reële besteding aan vaste investering van die openbare korporasies wat 'n matige toename in die kapitaalbesteding van die openbare owerhede oorskry het.

Die reële vaste investering van die openbare korporasies wat teen 'n jaarkoers van $\frac{1}{2}$ persent in die eerste kwartaal van 1991 toegeneem het, het in die tweede kwartaal aansienlik gedaal. Hierdie afname het hoofsaaklik die dalende kapitaaluitgawes van die openbare korporasies in die primêre en sekondêre sektore van die ekonomie weerspieël. In die besonder is Eskom se kapitaalbestedingsprogramme verder ingekort en het die kapitaaluitgawes op die ontwikkelingsbedrywigheide van Mosselbaai op die land en in die see begin afneem namate die projek afgehandel word.

Nadat 'n duidelike afwaartse neiging in die reële vaste kapitaaluitgawes van die openbare owerhede waargeneem kon word, het die kapitaalbesteding van hierdie owerhede effens teen 'n jaarkoers van $2\frac{1}{2}$ persent in die tweede kwartaal van 1991 toegeneem. Hierdie ommekaer in die vaste kapitaaluitga-

wes van die openbare owerhede was hoofsaaklik deur toenames in die kapitaalbesteding van die Departement Pos- en Telekommunikasiewese en Transnet (hoofsaaklik vanweë die aflewering van 'n nuwe vliegtuig aan die Suid-Afrikaanse Lugdiens) veroorsaak. Die reële vaste investering van die algemene owerheid het in die tweede kwartaal verder afgeneem as gevolg van 'n daling in die vlakte van die vaste investering van die sentrale regering en plaaslike owerhede, wat die toename in die kapitaalbesteding van die provinsiale administrasies teengewerp het.


Investering in voorrade het in die derde kwartaal van 1989 negatief geraak en voorraadafbouing het in die daaropvolgende sewe kwartale tot in die middel van 1991 plaasgevind. Die toename in die voorraadafbouing in die tweede kwartaal van 1991 was hoofsaaklik 'n weerspieëeling van die lae vlakte van die handelsvoorraad van landbouprodukte, die voorraadvermindering in die mynbousektor en 'n verdere afbouing van nywerheids- en handelsvoorraad. Die verhouding van die reële nywerheids- en handelsvoorraad tot die reële bruto binnelandse produk buite die landbou het nietemin in die tweede kwartaal van 1991 bykans onveranderd gebly teen die lae vlak van 18½ persent wat dit in die vierde kwartaal van 1990 bereik het; hierdie vlak kan met 'n gemiddelde vlak van 25 persent in die vroeë tagtigerjare vergelyk word.

Faktorinkome en binnelandse besparing

Die groei in totale nominale faktorinkome het verlangsaam van 'n koers van toename van jaar tot jaar van 17½ persent in 1989 tot 13 persent in 1990. In die eerste helfte van 1991 het die koers van toename oor vier kwartale voortgegaan om matig van 12½ persent in die eerste kwartaal tot 11 persent in die tweede kwartaal te verlangsaam. Die groeikoers van kwartaal tot kwartaal in totale nominale faktorinkome het egter in die tweede kwartaal van 1991 tot 'n jaarkoers van ongeveer 17 persent versnel, nadat dit tussen 7½ en 10 persent in die vorige drie kwartale gewissel het. Hierdie hoë styging in die tweede kwartaal van 1991 was hoofsaaklik die gevolg van toenames in sowel die nominale arbeidsvergoeding as die bruto bedryfsurplus.

Die toename in die nominale arbeidsvergoeding het van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13½ persent in die eerste kwartaal tot 18½ persent in die tweede kwartaal van 1991 versnel. Die toename oor een jaar het egter van 16½ persent vir die kalenderjaar 1990 tot ongeveer 15 persent in die eerste helfte van 1991 verlangsaam. Die hoë kwartaallikse styging in die totale nominale arbeidsvergoeding gedurende die tweede kwartaal van 1991 was hoofsaaklik die gevolg van aanmerklike loon- en salarisverhogings in die mynbousektor. Hierdie betekenisvolle verhoging in die nominale

Bruto bedryfsurplus en vergoeding van werknemers



loonrekening in die mynbousektor het plaasgevind na 'n *daling* in die eerste kwartaal en is deels behaal vanweë af dankings en ander maatreëls om koste te verlaag. Hierbenewens was die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die arbeidsvergoeding van die sektore fabriekswese, handel, elektrisiteit, gas en water, finansies en die algemene owerheid ook hoër as die styging in die verbruikersprysindeks vir die eerste helfte van 1991.

Soos in die bygaande grafiek aangetoon word, het die koers van toename in die arbeidsvergoeding van die begin van 1989 voortdurend die groei in die bedryfsurplusse oorskry. Gevolglik het die aandeel van die arbeidsvergoeding in die totale nominale faktorinkome van 'n laagtepunt van 56½ persent in die derde kwartaal van 1988 tot 'n gemiddelde van 60 persent in die eerste twee kwartale van 1991 gestyg. Alhoewel dit in 'n sekere mate 'n normale sikliese verloop is, verskil die voortgesette toename gedurende die huidige ekonomiese afwaartse beweging van die vorige twee ekonomiese afwaartse bewegings en het dit plaasgevind ten spyte van die afwesigheid van betekenisvolle groei in die werkverskaffing in die formele sektor van die ekonomie. Hierdie bewys van die kragte wat aan die werk is om die herverdeling van faktorinkome in die guns van arbeidsinkome te bewerkstellig, hou ernstige implikasies in vir die toekomstige spaarvermoë van die ekonomie.

Die koers van toename van die *bruto bedryfsurplus* het van 12 persent in die eerste kwartaal van 1991 tot 20 persent in die tweede kwartaal versnel. Ofskoon hierdie versnelling in 'n aantal sektore plaasgevind het, was dit veral in die goud-

mynbou waarneembaar. 'n Gunstige randprys van goud en die sukses wat hierdie nywerheid behaal het om kostestygings tot 'n minimum te beperk, was waarskynlik vir hierdie verbetering verantwoordelik. Ten spye van die versneling in die groei van die totale bruto bedryfsurplus in die tweede kwartaal van 1991, het die toename van jaar tot jaar effens verlangsaam tot net meer as 9 persent in die eerste helfte van 1991, vergeleke met 9½ persent in die kalenderjaar 1990.

Die verhouding van die *bruto binnelandse besparing* tot die *bruto binnelandse produk* het tot 'n nuwe laagtepunt van 19½ persent in die eerste helfte van 1991 gedaal, teenoor 22½ persent in 1989. Hierdie daling kan hoofsaaklik aan die netto ontsparing van die algemene owerheid gedurende die eerste helfte van 1991 toegeskryf word. In teenstelling met die voorafgaande vier kwartale (oftewel die kalenderjaar 1990) toe netto positiewe besparing deur die owerheid aangegeteken is, het sy lopende besteding in die eerste en tweede kwartaal van 1991 weer eens sy lopende inkomme oorskry.


Die vlak van netto besparing in die private sektor het matig in die eerste twee kwartale van 1991 verbeter. Die netto persoonlike besparing in verhouding tot persoonlike beskikbare inkomme het sedert die vierde kwartaal van 1990 rondom 'n gemiddelde van 2 persent gewissel, wat effens groter is as die gemiddelde van 1½ persent wat in die kalenderjaar 1990 aangegeteken is. In die maatskappysektor is netto besparing positief deur die styging van die bruto bedryfsurplus van maatskappye beïnvloed. Die voorsiening vir die verbruik van vaste kapitaal het in die tweede kwartaal van 1991 sy bestendige opwaartse neiging voortgesit.

Werkverskaffing

In ooreenstemming met die konjunkturale afwaartse beweging in ekonomiese bedrywigheid het die koers van toename in die *totale werkverskaffing buite die landbou* van 1,5 persent in 1988 tot 0,7 present in 1989 verminder. Daarna het die werkverskaffing buite die landbou inderdaad met 0,4 persent in 1990 gedaal. Hierdie daling het in die tweede kwartaal van 1990 begin. In die jongste tyd het die werkverskaffing buite die landbou van kwartaal tot kwartaal teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 2,4 persent in die vierde kwartaal van 1990 en 2,6 present in die eerste kwartaal van 1991 gedaal.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die werkverskaffing in die *private sektor buite die landbou* het ook afgeneem, naamlik van 1,6 persent in 1988 tot 0,5 persent in 1989 afgeneem, voordat dit in 1990 -0,5 persent geword het. Die werkverskaffing in die private sektor buite die landbou het aanvanklik gedurende die loop van 1990 betekenisvol teen 'n

Werkverskaffing in nie-landbousektore



seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 3,2 persent in die eerste kwartaal van 1990 toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die herindiensneming van persone wat voorheen ontslaan is. Daarna het dit van die tweede kwartaal van 1990 begin daal en die koers van afname van kwartaal tot kwartaal, seisoensaangesuiwerd en verhef tot 'n jaarkoers, het tot 5,3 en 5,4 persent onderskeidelik in die vierde kwartaal van 1990 en die eerste kwartaal van 1991 versnel – dit is nuwe rekordkoerse van afnames. Beskikbare inligting vir die tweede kwartaal van 1991 dui op voortgesette afnames in die arbeidsmag van die fabriekswese, die konstruksiebedryf, die elektrisiteitsopwekkingsbedryf en versekeraars.

Die totale werkverskaffing deur die openbare owerhede het ook vanaf die tweede kwartaal van 1990 begin daal, maar het daarna skerp teen seisoensaangesuiwerde jaarkoerse van 4,9 en 4,2 persent in die vierde kwartaal van 1990 en die eerste kwartaal van 1991 toegeneem. Toenames in die werkverskaffing van die openbare owerhede gedurende afwaartse fases van die konjunkturgolf is egter nie ongewoon nie; werkverskaffing deur die openbare owerhede het positiewe koerse van toename gedurende die meeste afwaartse fases van die konjunkturgolf in die sewentiger- en die tachtigerjare getoon. Op 'n jaarlikse grondslag het die werkverskaffing deur die openbare owerhede nietemin effens met 0,1 persent in 1990 gedaal.

Die verhouding van oortydure tot gewone ure gewerk in die fabriekswese het van die derde kwartaal van 1989 tot die eerste kwartaal van 1991 gedaal en het min of meer onveranderd in die tweede kwartaal gebly. In die konstruksiebedryf het hierdie verhouding in sowel die eerste as die tweede kwartaal van 1991 letwat verbeter, nadat dit

gedurende die tweede helfte van 1990 gedaal het.

Die seisoensaangesuiwerde getal geregisterreerde werkloses het van die jongste hoogtepunt van 136 400 in Desember 1985 tot 109 600 in Januarie 1989 gedaal. Daarna het dit verder toegeneem en rondom 'n gemiddeldevlak van 220 000 in die eerste vyf maande van 1991 gewissel.

Arbeidskoste en produktiwiteit

Die koers van toename van jaar tot jaar in die gemiddelde bedrag van die *nominale salaris en lone per werker* in die sektore van die ekonomie buite die landbou het van 15,3 persent in 1988 tot 18,0 persent in 1989 versnel, en daarna slegs matig tot 16,8 persent in 1990 afgeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salarisse en lone per werker wat van 19,2 persent in die vierde kwartaal van 1989 tot 13,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 afgeneem het, het boonop weer in die daaropvolgende drie kwartale tot koerse van naastenby en selfs meer as 17 persent versnel. In die eerste kwartaal van 1991 het hierdie koers 18,5 persent beloop. Die beskikbare gegewens vir die tweede kwartaal dui op verdere versnellings in die nominale loonstygings in die konstruksie- en versekeringsbedryf. Matiger, maar nog steeds hoë loonstygings is in die elektrisiteitsopwekkingsbedryf en deur depositonemende instellings toegestaan. Die loonstygings hou duidelik slegs gedeeltelik en swakkerig verband met die onderliggende vraag- en aanbodtoestande in die arbeidsmark en dra waarskynlik by tot die lae arbeidsabsorberingsvermoë van die ekonomie.

Die onlangse herversnelling in die koers van toename van die gemiddelde lone het in sowel die private as in die openbare sektore voorgekom. Die

koers van toename oor vier kwartale in die nominale salaris en lone per werker in die *private sektor* buite die landbou het van 14,4 persent in die vierde kwartaal van 1990 tot 16,6 persent in die eerste kwartaal van 1991 versnel, hoofsaaklik vanweë die loonstygings van meer as 20 persent wat, onder andere, in die mynboubedryf, die groot handel, die depositonemende instellings, hotelle en droogskoonmaakdienste plaasgevind het. In die algemene klimaat van blywende hoë loonstygings behoort die jongste ooreenkoms tussen die National Union of Mineworkers en die Kamer van Mynwese – waarvolgens algemene loon- en salarisverhoggings van slegs 5 persent toegestaan is, maar bonusbetalings van die goudprys en produktiwiteitsverbeterings sal afhang – verwelkom te word.

Die koers van toename oor vier kwartale in die nominale salaris en lone per werker in die diens van die openbare owerhede het op selfs meer opvallende wyse versnel van 5,6 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot koerse wat in die daaropvolgende vier kwartale tussen ongeveer 21 en 22 persent gewissel het. Hierdie skerp versnelling in die koerse van toename oor vier kwartale in die nominale vergoeding per werker in die diens van die openbare owerhede was hoofsaaklik te wye aan betekenisvolle verbeterings in die diensvoorraad van verskillende beroepsgroepe wat in die tweede kwartaal van 1990 in werking gestel is. Sedert die tweede kwartaal van 1990 het die verandering van kwartaal tot kwartaal van die nominale salaris en lone van werknemers van die openbare owerhede, ná aansuiwing vir seisoenvinloed en teen 'n jaarkoers bereken, van 57,7 persent tot 6,4 persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem.

Die koers van toename van jaar tot jaar in die reële loon per werker het matig van 2,9 persent in 1989 tot 2,1 persent in 1990 afgeneem. Soos die versnelling van die nominale salaris en lone, het die koers van verandering oor vier kwartale in die reële loon per werker ook van 'n afname van 1,3 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 'n toename van 3,7 persent in die tweede kwartaal verander. Daarna het dit matig in die volgende twee kwartale afgeneem, voor dit weer tot 3,5 persent in die eerste kwartaal van 1991 gestyg het.

Nadat die reële arbeidsproduktiwiteit buite die landbou teen 'n taamlik indrukwekkende koers van 2,3 persent in 1988 toegeneem het, het dit in 1989 verlangsaam (0,8 persent) en inderdaad in 1990 afgeneem (-0,1 persent). Voortdurende afnames in die reële produksie per werker buite die landbou is van die derde kwartaal van 1989 tot die tweede kwartaal van 1990 aangeteken. Daarna het dit teen 'n koers oor vier kwartale van 0,5 persent in die derde kwartaal en teen 0,6 en 1,4 persent in die daaropvolgende twee kwartale toegeneem. Hierdie

Nominale vergoeding per werker in nie-landbousektore



Reële arbeidseenheidskoste in nie-landbousektore



onlangse verbeterings in die reële arbeidsproduktiwiteit hou waarskynlik verband met die afnames in die werkverskaffing en met die verlies aan mandaie weens stakings en werkstopsettings.

Die voortgesette hoë koerse van toename in die nominale vergoeding per werker het weer aanleiding gegee tot 'n versnelling in die koers van toename oor vier kwartale in die *nominale arbeidseenheidskoste* van 14,5 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 18,9 persent in die tweede kwartaal. Die nominale arbeidskoste per eenheid fisiese produksie het daarna toegeneem teen effens laer, hoewel steeds hoë koerse wat tussen 16 en 17 persent gewissel het. Ten spyte van die vinniger kwartaallikse toenames in die nominale arbeidseenheidskoste, het die koers van toename van jaar tot jaar matig van 17,2 persent in 1989 tot 16,5 persent in 1990 afgeneem.


Die koers van toename van jaar tot jaar in die *reële arbeidseenheidskoste* het ook matig van 2,1 persent in 1989 tot 1,9 persent in 1990 afgeneem. Die koers van toename oor vier kwartale in die *reële arbeidseenheidskoste* het in ooreenstemming met die stadiger koerse van toename in die reële loon per werker, en die verbeterings in die reële arbeidsproduktiwiteit, van 4,3 persent in die tweede kwartaal van 1990 tot 1,3 persent in die vierde kwartaal verlangsaam. Dit het daarna weer tot 2,0 persent in die eerste kwartaal van 1991 as gevolg van die gepaardgaande skerp styging in die reële lone toegeneem.

Pryse

Die afwaartse neiging in sowel die produksie- as die verbruikersprysindeks van die middel van 1989 is in Augustus 1990 met die aanvang van die

geskil in die Midde-Ooste omgekeer. Die skerp styging in die internasionale prys van ruolie het aansienlike stygings in die prys van ingevoerde goedere en binnelandse brandstof veroorsaak. Hoewel die internasionale oliepryse vroeg in 1991 teruggekeer het tot die vlakke wat geheers het voor die inval in Koeweit deur Irak, het die koerse van toename in die binnelandse prys oor die algemeen op die hoër vlakke gebly. Die voortdurende hoë koers van binnelandse inflasie het besoeklik verband gehou met die verwagting dat inflasie hoog gaan bly, voortgesette hoë koerse van toename in die prys van voedsel en hoë loon-skikkings.

Produksiepryse




Die koers van toename van jaar tot jaar in die omvattende produksieprysindeks* het ten spyte van hierdie herversnelling in prysse van 15,2 persent in 1989 tot 12,0 persent in 1990 afgeneem. Hierdie afname kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die stadiger toename in die prysse van ingevoerde goedere, wat van 'n koers van 16,3 persent tot 10,2 persent oor dieselfde tydperk afgeneem het, en die laer koers van toename in die prysse van binnelands geproduseerde goedere wat van 14,8 persent in 1989 tot 12,4 persent in 1990 gedaal het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prysse van ingevoerde goedere het egter aansienlik van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 2,0 persent in die derde kwartaal van 1990 tot 53,8 persent in die vierde kwartaal gestyg. Die beëindiging van die Golfoorlog het veroorsaak dat hierdie koers van toename tot slegs 5,1 persent in die eerste kwartaal van 1991 afgeneem het. Daarna het die prysse van ingevoerde goedere in werklikheid teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 17,3 persent in die tweede kwartaal gedaal, hoofsaaklik weens 'n verdere verlaging van die bo-belasting op ingevoerde goedere wat in die Begroting vir 1991/92 aangekondig is en die betreklik bestendige wisselkoers van die rand. Die koers van toename in die prysse van ingevoerde goedere oor tydperke van twaalf maande het van 3,8 persent in Augustus 1990 tot 19,1 persent in November gestyg. Dit het daarna tot 7,6 persent in April 1991 gedaal, voordat dit weer tot 10,2 persent in Julie gestyg het.

Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die prysse van binnelands geproduseerde goedere het voor die styging van die brandstofpryse begin versnel van 9,0 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 14,7 persent in sowel die vierde kwartaal van 1990 as die eerste kwartaal van 1991. Daarna het dit weer tot 'n vlak van 5,8 persent in die tweede kwartaal afgeneem. Die koers van toename in die prysse van binnelands geproduseerde goedere, gemeet oor 'n tydperk van twaalf maande, het ook van 11,2 persent in Maart 1990 tot 13,9 persent in Maart 1991 versnel en daarna, per saldo, tot 12,5 persent in Julie verlangsaam.

As 'n weerspieëeling van sy twee hoofkomponente, het die koers van toename van kwartaal tot kwartaal van die omvattende produksieprysindeks, van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 9,6 persent in die eerste kwartaal van 1990 tot 20,8 persent in die vierde kwartaal toegeneem. Daarna het dit tot 'n koers van slegs 1,7 persent in die tweede kwartaal van 1991 gedaal – die laagste

Produksie- en verbruikerspryse



koers van toename van kwartaal tot kwartaal sedert die styging van 0,2 persent wat in die derde kwartaal van 1969 aangeteken is. Die koers van toename in die omvattende produksieprysindeks oor tydperke van twaalf maande het op soortgelyke wyse van 10,3 persent in sowel Julie as Augustus 1990 tot 14,6 persent in November gestyg, en het daarna tot 11,2 persent in Junie 1991 en 12,1 persent in Julie gedaal.

Die jongste veranderings in die verbruikersprysindeks het aansienlik afgewyk van die bewegings van die produksieprysindeks. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die verbruikersprysindeks het byvoorbeeld ook skerp van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van 13,5 persent in die tweede en derde kwartaal van 1990 tot 16,8 persent in die vierde kwartaal gestyg. Daarna het dit kortstondig tot 14,1 persent in die eerste kwartaal van 1991 gedaal, voor dit weer tot 15,0 persent in die tweede kwartaal gestyg het. Die koers van toename oor twaalf maande van die verbruikersprysindeks het op soortgelyke wyse van 13,3 persent in Julie 1990 tot 15,3 persent in November gestyg en het daarna rondom hierdievlak tot in Junie 1991 gewissel. In Julie 1991 het dit verder tot 15,8 persent gestyg.

Die traagheid van hierdie prysindeks om die afwaartse neiging van voor die Golfoorlog te hervat, kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die voortgesette hoë koers van toename, en soms selfs

* Hersiene gegewens wat deur die Sentrale Statistiekdiens op 28 Augustus 1991 beskikbaar gestel is.

versnelde toenames in die pryse van verbruikersgoedere, eerder as aan die pryse van verbruikersdienste. Die koers van toename van kwartaal tot kwartaal in die pryse van verbruikersgoedere, seisoensaangesuiwerd en verhef tot 'n jaarkoers, het 15,9 persent in die tweede kwartaal van 1991 beloop, teenoor die stygging van 13,5 persent van die pryse van verbruikersdienste. Soos in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* van 1991 aangedui is, het die hoë inflasiekoers van die pryse van verbruikersgoedere hoofsaaklik in die pryse van voedsel, alkoholiese drank en tabak en nuwe voertuie voorgekom. Die pryse van vervoerdienste het ook skerp gestyg. Met die uitsondering van die voedsel-pryse, wat taamlik wisselvallig gestyg het, het die pryse van hierdie ander items van kwartaal tot kwartaal teen jaarkoerse van naby en selfs meer as 20 persent van die tweede kwartaal van 1990 tot in die tweede kwartaal van 1991 gestyg.

Betalingsbalans en wisselkoerse

Lopende rekening

Die oorskot op die lopende rekening van die betalingsbalans het aansienlik toegeneem van 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers van R1,5 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R6,2 miljard in die tweede kwartaal. Soos reeds by verskeie vorige geleenhede daarop gewys is, was die klein oorskot op die lopende rekening in die eerste kwartaal van 1991 te wyte aan die uitsonderlike toestande wat met die krisis in die Persiese Golf verband gehou het. Daarom is dit meer gepas om die verloop van die betalingsbalans te ontleed met behulp van die gemiddeldes vir die vierde kwartaal van 1990 en die eerste kwartaal van 1991. Vergelyk met so 'n kwartaallikse gemiddelde oorskot op die lopende rekening (wat teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers R5,6 miljard beloop het), het daar in die tweede kwartaal van 1991 'n effens verdere verbetering plaasgevind. Op grond hiervan kan sedert die derde kwartaal van 1990 'n besliste verbetering in die saldo op die lopende rekening bespeur word.

Die stygende neiging van die oorskot op die lopende rekening oor die afgelope vier kwartale kan hoofsaaklik aan toenames in die hoeveelhede van die goedere-uitvoer en die laer netto dienste- en oordragbetelings aan die res van die wêreld toegeskryf word; die hoeveelhede van die goedere-invoer het opwaarts gewissel en die netto gouduitvoer het oor die algemeen laag gebly voordat dit in die tweede kwartaal van 1991 weer skerp toegeneem het. Die groter oorskotte op die lopende rekening gedurende hierdie tydperk tot in die eerste kwartaal van 1991 is ten spyte van 'n daling in die ruilvoet van die land behaal. In die tweede kwartaal van 1991 het die ruilvoet weer met 5,2 persent gestyg. Die stygging van die saldo op die lopende rekening in die tweede kwartaal van 1991 was in die besonder te danke aan aansienlike verbeterings in al die belangrikste poste van die lopende rekening, behalwe die waarde van die goedere-invoer wat toegeneem het.

Gedurende die tweede kwartaal van 1991 het sowel die waarde as die fisiese hoeveelhede van die goedere-uitvoer tot nuwe rekordhoogtepunte gestyg en met onderskeidelik 9½ en 5½ persent toegeneem. Die hoër uitvoer van tekstielware, vervoertoerusting en edelmetale en -stene het veral tot die hoër uitvoerhoeveelhede bygedra. Ondanks die stadiger groei in die internasionale handel oor die afgelope twaalf maande, het die hoeveelhede van die Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer van die tweede kwartaal van 1990 tot die tweede kwartaal van 1991 met 10% persent gestyg.

Alhoewel internasionale grondstofpryse in die

tweede kwartaal van 1991 verder teruggesak het, is hierdie daling meer as vergoed deur 'n afname in die gemiddelde effektiewe wisselkoers van die rand. Uitvoerpryse het derhalwe in die tweede kwartaal van 1991 met $3\frac{1}{2}$ persent gestyg. Op hul vlak van die tweede kwartaal van 1991 was uitvoerpryse slegs 5 persent hoër as in die ooreenstemmende kwartaal van 1990.


Die netto gouduitvoer het met nie minder nie as 15 persent van 'n seisoensaangesuiwerde jaarsyfer van R17,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R20,0 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Stygings in die pryse en in die hoeveelhede het in die tweede kwartaal van 1991 tot die hoër netto gouduitvoer bygedra: die randprys van goud het van 'n gemiddelde van R957 per fyn ons in die eerste kwartaal tot R1 010 per fyn ons in die tweede kwartaal gestyg, terwyl die hoeveelhede van die netto gouduitvoer met 10% persent toegeneem het. Die hoër randprys van goud was te danke aan die depresiasie van die rand teenoor die dollar, terwyl die dollarprys van goud van 'n gemiddelde van \$370 per fyn ons in die eerste kwartaal van 1991 tot \$361 per fyn ons in die tweede kwartaal gedaal het as 'n weerspieëeling van die verstewiging van die VSA-dollar op internasionale valutamarkte en verdere toenames in die aanbod van goud op internasionale markte. Op 30 Augustus 1991 het die goudprys tot \$347 per fyn ons gedaal – die laagste vlak sedert 14 Junie 1990. Die toename in die hoeveelhede van die netto gouduitvoer is aangehelp deur 'n toename in die tonnemaat erts wat vergruis is en dit het meer as vergoed vir 'n effense daling in die goudgehalte van die erts wat vergruis is.

Vanweë 'n toename in die fisiese hoeveelhede van die goedere-invoer, het die waarde van die goedere-invoer van 'n seisoensaangesuiwerde jaarvlak van R47,5 miljard in die eerste kwartaal

van 1991 tot 'n nuwe rekordbedrag van R50,2 miljard in die tweede kwartaal gestyg. Hierdie toename was hoofsaaklik veroorsaak deur die aankoop van nog 'n Boeing vliegtuig en die verdere aanvulling van die laer voorraad van mineraalprodukte. As 'n weerspieëling van die daling in die internasionale oliepryse, was die pryse van alle ingevoerde goedere in die tweede kwartaal van 1991 $1\frac{1}{2}$ persent laer as in die eerste kwartaal van 1991.

Alhoewel die hoeveelhede van die goedere-invoer sedert die vierde kwartaal van 1990 betreklik

Handelsrekening



Lopende rekening van die betalingsbalans

Seisoensaangesuiwerde jaarkoerse

R miljarde


	1990		1991			
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Goedere-uitvoer	41,7	39,5	42,8	45,5	41,8	45,9
Netto gouduitvoer	17,8	18,5	18,0	18,0	17,3	20,0
Goedere-invoer	-43,6	-44,1	-46,5	-42,2	-47,5	-50,2
Netto dienste- en oordragbetalings	-10,3	-10,3	-10,1	-11,6	-10,1	-9,5
Saldo op lopende rekening	5,6	3,6	4,2	9,7	1,5	6,2

skerp toegeneem het – wat ietwat ongewoon vir hierdie stadium van die konjunktuurgolf is – het hierdie toename voorgekom vanaf die laevlak wat in die vierde kwartaal van verlede jaar ná die krisis in die Persiese Golf behaal is. Die onlangse stygging in die fisiese omvang van die goedere-invoer in die eerste helfte van 1991 is hoofsaaklik teveeggebring deur die aankoop van twee makrostralers en die invoer van mineraalprodukte, en was nie soos die gevolg van 'n algemene stygging in die hoeveelhede van die meeste soorte van die invoer nie. Ten spyte van hierdie aankope was die invoerpenetrasieverhouding (dit wil sê die reële goedere-invoer as 'n persentasie van die reële bruto binnelandse besteding) van 23,7 persent in

die eerste helfte van 1991 slegs effens hoër as in die eerste helfte van 1990 en steeds laer as die 24,7 persent aan die begin van die huidige afwaartse beweging van die konjunktuurgolf.

Nadat die netto dienste- en oordragbetalings aan nie-inwoners in die vierde kwartaal van 1990 tot die baie hoëvlak (teen 'n seisoensaangesuiwerde jaarkoers) van R11,6 miljard op beweeg het (hoofsaaklik vanweë ontwikkelings in die Midde-Ooste), het dit in die eerste kwartaal van 1991 weer tot R10,1 miljard en in die tweede kwartaal tot R9,5 miljard gedaal. Die verdere afname in die netto dienste- en oordragbetalings in die tweede kwartaal was hoofsaaklik die gevolg van hoër ontvangste vir dienste wat die klein stygging in die dienstebetalings oorskry het. Groot toenames is veral aangeteken in die ontvangste vir dienste uit die verkoop van skeepsvoorraad by Suid-Afrikaanse hawens en uit die inkomste wat op regstreekse en onregstreekse buitelandse beleggings verdien is.


Betalingsbalans: Lopende rekening



Kapitaalbewegings

Die kapitaalrekening van die Suid-Afrikaanse betalingsbalans is sedert die middel van 1990 deur aansienlike fluktusies gekenmerk: dit het tussen

Netto kapitaalbewegings



kwartaallikse uitvloeiings en kwartaallikse invloeiings gewissel. 'n Netto uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie ter waarde van R2,2 miljard in die tweede kwartaal van 1990 is deur 'n netto invloeiing van kapitaal van R1,5 miljard in die derde kwartaal gevvolg. Hierdie invloeiing van kapitaal het weer in 'n netto uitvloeiing van R1,8 miljard in die vierde kwartaal van 1990 verander. In die eerste kwartaal van 1991 is weer 'n netto invloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie van R0,8 miljard aangeteken, en dit is in die tweede kwartaal deur 'n netto uitvloeiing van R2,1 miljard gevvolg.

Hierdie aansienlike wisselings in die netto kapitaalbewegings nie verwant aan reserwes nie is hoofsaaklik deur ooreenkomsstige skerp fluktusies in korttermynkapitaalbewegings (met inbegrip van onaangestekende transaksies) veroorsaak. Korttermynkapitaalbewegings is uiteraard oor die algemeen aan groter onbestendigheid as langtermynkapitaalbewegings onderhewig omdat dit beïnvloed word deur faktore wat baie vinnig kan verander soos die wisselkoers van die rand, die wisselkoerse van die VSA-dollar teenoor sogenoemde derde geldeenheide, rentekoersveranderingen en die koste van valutatermyndecking.

'n Netto invloeiing van langtermynkapitaal in die derde kwartaal van 1990 het ook tot die verhoogde onbestendigheid van die kapitaalbewegings oor die afgelope vier kwartale bygedra. Afgesien van hierdie invloeiing, was daar ook 'n duidelik waarneembare dalende neiging in die uitvloeiing van langtermynkapitaal oor die afgelope vier

kwartale: die netto uitvloeiing van langtermynkapitaal het van R1,2 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R0,3 miljard in die tweede kwartaal van 1991 gedaal. Die totale uitvloeiing van kapitaal nie verwant aan reserwes nie is derhalwe van R2,6 miljard in die eerste helfte van 1990 tot R1,3 miljard in die eerste helfte van 1991 gehalveer.

'n Netto uitvloeiing van nie minder nie as R2,1 miljard is nietemin in die tweede kwartaal van 1991 aangeteken, hoofsaaklik as gevolg van 'n ooreenstemmende groot netto uitvloeiing van korttermynkapitaal. Alhoewel hierdie uitvloeiing van korttermynkapitaal hoofsaaklik met 'n daling in Suid-Afrika se buitelandse handelskrediet vir ingevoerde goedere verband gehou het, is dit ook teweeggebring deur 'n toename in die korttermyn buitelandse bates wat met 'n styging in die goedere-uitvoer gepaardgegaan het.


Die uitvloeiing van langtermynkapitaal het van R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R0,3 miljard in die tweede kwartaal gedaal. Die openbare korporasies het voortgegaan om langtermyn buitelandse fondse te bekom en hul netto lenings het van R188 miljoen in die eerste kwartaal van 1991 tot R345 miljoen in die tweede kwartaal toegeneem. Die openbare owerhede was netto uitvoerders van langtermynkapitaal in die vierde kwartaal van 1990 en in die eerste kwartaal van 1991, maar het in netto invoerders van langtermynkapitaal in die tweede kwartaal van 1991 verander. Hierdie netto invloeiing van langtermynkapitaal na instellings van die openbare sektor is egter meer as geneutraliseer deur die voortgesette groot uitvloeiings van langtermynkapitaal van die private sektor.

Netto kapitaalbewegings (nie verwant aan reserwes nie)

R miljoene

	1990				1991	
	1e kw	2e kw	3e kw	4e kw	1e kw	2e kw
Langtermynkapitaal						
Openbare owerhede.....	-206	-673	47	-328	-167	116
Openbare korporasies.....	473	-35	279	173	188	345
Private sektor	-1 204	-482	495	-484	-604	-787
Totale langermynkapitaal.....	-937	-1 190	821	-639	-583	-326
Korttermynkapitaal, insluitende onaangestekende transaksies, maar uitsluitende laste verwant aan reserwes.....	531	-1 000	694	-1 154	1 362	-1 748
Totale kapitaalbewegings, uitsluitende laste verwant aan reserwes	-406	-2 190	1 515	-1 793	779	-2 074

Verandering in netto goud- en ander buitelandse reserwes



Buitelandse reserwes

Die groot netto uitvloeiing van kapitaal in die tweede kwartaal van 1991 was groter as die oorskot op die lopende rekening (voor seisoensaansuiwing en nie tot 'n jaarkoers verhef nie) sodat Suid-Afrika se *netto goud- en ander buitelandse reserwes* met R0,8 miljard gedaal het. In die eerste kwartaal van 1991 is egter 'n toename van R1,8 miljard in die netto goud- en ander buitelandse reserwes aangeteken en gevvolglik het hierdie reserwes met R1,0 miljard in die eerste helfte van die jaar toegeneem.

Nadat 'n toename van R0,7 miljard in Suid-Afrika se laste verwant aan reserwes en positiewe waarsasie-aansuiwerings in berekening gebring is, het die totale *bruto goud- en ander buitelandse reserwes* in die tweede kwartaal van 1991 met die klein bedrag van R17 miljoen gedaal. Aan die

einde van Junie 1991 het die totale bruto goud- en ander buitelandse reserwes R8,7 miljard beloop, wat gelyk was aan die waarde van ongeveer sewe weke se invoer van goedere en dienste. In Julie en Augustus 1991 het die netto en bruto buitelandse reserwes van die Reserwebank met onderskeidelik R723 miljoen en R522 miljoen gestyg. Aan die einde van Augustus het die goudreserwes van die Reserwebank sowat 5,9 miljoen fyn onse beloop en het dit op die hoogstevlak sedert die einde van Februarie 1988 te staan gekom.

Wisselkoerse

Gedurende die afgelope twaalf maande is die internasionale valutamarkte in 'n groot mate deur politieke ontwikkelings beïnvloed, wat 'n hoë mate van onbestendigheid in die bewegings van die VSA-dollar veroorsaak het. Die afwaartse neiging in die bewegings van die dollar het na die ontstaan van die Golf-krisis op 2 Augustus 1990 versnel en op 12 Februarie 1991 was die waarde van die dollar teenoor die Duitse mark 15,7 persent onder sy waarde soos op 2 Maart 1990.

Die hoop vir 'n spoedige oplossing van die Golfkrisis sowel as politieke beroeringe in die USSR, het bygedra tot die bevoordeling van die VSA-dollar en op 5 Julie 1991 was die waarde van die VSA-dollar teenoor die Duitse mark weer 27 persent bô die laagtepunt van 12 Februarie 1991, maar daarna het dit opnuut afwaarts begin neig. Die status van die VSA-dollar as 'n veilige toevlugsoord in tye van politieke omwenteling is weer eens bewys toe die dollar in reaksie op die gepoogde staatsgreep in die Sowjet-Unie van DM1,75 op 16 Augustus tot DM1,82 op 19 Augustus 1991, of met 4 persent, gestyg het.

Die Suid-Afrikaanse rand was klaarblyklik nie teen hierdie veranderings van die VSA-dollar beskut nie. Die wisselkoers van die rand teenoor die dollar gedurende die eerste agt maande van 1991


Veranderings in die wisselkoerse van die rand

%

	18 Sept '89 tot 5 Jan '90	5 Jan '90 tot 12 Feb '91	12 Feb '91 tot 19 Aug '91	18 Sept '89 tot 31 Aug '91
Geweegde gemiddelde	6,6	-7,6	-3,9	-5,7
VSA-dollar.....	11,5	0,6	-13,2	-1,5
Britse pond	6,8	-17,6	6,6	-8,5
Duitse mark.....	-4,2	-13,6	9,1	-12,4
Switserse frank.....	1,7	-19,3	10,7	-11,4
Japanse yen	9,8	-10,7	-6,0	-7,8
Franse frank.....	-2,9	-13,8	8,5	-11,9
Finansiële rand.....	12,3	13,3	-2,3	24,5

Finansiële markte

Wisselkoerse



het derhalwe tussen R2,52 en R2,91 per dollar gewissel. Ten spyte van hierdie fluktuasies het die *nominale effektiewe wisselkoers* van die rand betreklik bestendig gebly en het dit slegs matig met 4,8 persent van die einde van 1990 tot 31 Augustus 1991 gedaal. Aan die einde van Augustus 1991 was die nominale effektiewe wisselkoers van die rand slegs 5,7 persent benede die vorige onderste draaipunt op 18 September 1989.

Gedurende die eerste ses maande van 1991 (die tydperk waarvoor gegewens tans beskikbaar is) was die *reële effektiewe wisselkoers* van die rand ook baie bestendig. In Junie 1991 was die reële effektiewe wisselkoers van die rand slegs 1½ persent lager as in Desember 1990.


Ná die opening van die Parlement deur die Staatspresident het die *finansiële-randdiskonto* teenoor die kommersiële rand vanaf 'n koers van ongeveer 30 persent aan die einde van Oktober 1990 tot 18 persent op 6 Februarie 1991 afgeneem. Die finansiële-randdiskonto het daarna op 12 Julie tot sy laagstevlak ooit van 7½ persent gedaal ná die aankondiging dat die Federale Regering van die Verenigde State bereid was om die meeste van sy sanksies teen Suid-Afrika op te hef. Gedurende die oorblywende gedeelte van Julie en in Augustus het die finansiële-randdiskonto tussen 10 en 12 persent gewissel.

Geldvoorraad

Gedurende die eerste ses maande van 1991 het die groeikoers oor twaalf maande van feitlik al die monetêre totale aanmerklik gestyg. Soos voorheen in meer besonderhede in die *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* bespreek is, kon die versnelling in die groei van die geldvoorraad hoofsaaklik toegeskryf word aan die nuwe regulasies onder die Wet op Depositoenemende Instellings, wat met ingang 1 Februarie 1991 geïmplementeer is. Hierdie veranderings in die regulasies het daar toe aanleiding gegee dat monetêre instellings verskeie soorte buitebalansstaatpose in konvensionele deposito's en kredietverlening aan die private sektor omgeskakel het, wat die geldvoorraad en bankkrediet dienoorenkostig laat toeneem het.

Die koers van toename in die *omvattend gedefinieerde geldvoorraad*, M3, soos gemeet oor tydperke van twaalf maande, het meer as gehalveer van 'n hoogtepunt van 27,5 persent in Augustus 1988 tot slegs 10,1 persent in Januarie 1991; hierdie verlangsaamming was hoofsaaklik 'n weerspieëling van die konjuncturele afwaartse beweging en 'n vermindering in herintermediasieverskynsels wat deur die volgehoud hoë en betreklik bestendige geldmarkrentekoerse teweeggebring is. Hierdie groeikoers het as gevolg van die uitwerking van die nuwe regulasies tot 15,8

Geldvoorraad



persent in Februarie 1991 herversnel en daarna in die daaropvolgende vier maande tussen 14 en 16 persent gebly. Gemaat van die riglynbasis in die vierde kwartaal van 1990, het die groeikoers in M3 ook die boonste perk van die geldvoorraadriglyne van 8 tot 12 persent vir die "riglynjaar" 1991 oorskry. Die onderliggende koers van toename in die geldvoorraad het egter meer gematig vertoon. Indien die groei in M3 byvoorbeeld van die einde van Februarie 1991 (die maand waarin die nuwe regulasies in werking getree het) tot die einde van Junie gemaat word, het die seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename slegs 11,6 persent beloop.

Bowendien het die koers van toename in M3, selfs op hierdie grondslag gemaat, ook nog die gevolge van verdere veranderings in die regulasies in Mei 1991 ingesluit. Hierdie veranderings het onder andere bepaal dat depositonemende instellings reserwes moet hou teen promesses en ander skuldinstrumente wat deur kliënte wat van voorneme is om fondse teleen, uitgereik word en dan deur die depositonemende instellings namens die kliënte aan surpluseenhede verkoop word (wat die onderskrywing van hierdie papier deur die depositonemende instellings mag impliseer). Die depositonemende instellings het op hierdie veranderings gereageer deur op 'n beduidende skaal sulke instrumente in konvensionele deposito's en voorskotte om te skakel. Indien hierdie toename – wat op ongeveer R1,5 miljard geraam word – buite rekening gelaat word, het die onderliggende seisoensaangesuiwerde jaarkoers van toename in M3 in die vier maande tot einde Junie 1991 8,7 persent beloop.

Die "enger" monetêre groothede is ook deur die veranderings in hierdie regulasies versteur, maar nie in dieselfde mate nie. Die groeikoers oor twaalf maande in hierdie groothede het per saldo van die einde van Desember 1990 tot Junie 1991 soos volg verander:

- M1A van 14,3 persent tot 16,9 persent;
- M1 van 15,9 persent tot 15,2 persent; en
- M2 van 13,1 persent tot 20,3 persent.

Die monetêre groothed wat waarskynlik die minste deur die nuwe regulasies beïnvloed is, was "munte en note in omloop buite monetêre instellings." Hoewel hierdie aanwyser ooglopende tekortkominge het, het sy koers van toename oor twaalf maande – wat per saldo weinig verander het, naamlik van 12,4 persent in Desember 1990 tot 11,9 persent in Junie 1991 – waarskynlik 'n beter aanduiding van ontwikkelings in die reële ekonomie gegee as die groei in die ander monetêre totale gedurende die betrokke periode.

Uit die groeikoerse van die enger monetêre totale is dit ook interessant om daarop te let dat die groei in M2 die meeste versnel het, wat daarop dui dat deposito's met 'n onverstreke looptyd van meer as een

dag tot ses maande baie vinniger as daggeld-deposito's toegeneem het. In die mate waarin die bewegings tussen die verskillende tipes deposito's in 1991 as die resultaat van normale ekonomiese eerder as regulasiekragte beskou kan word, was hierdie verandering waarskynlik 'n aanduiding van 'n verandering in deposante se voorkeur vir sekere looptye, gegewe die effens laer rentekoerse en verwagtings van 'n verdere daling in rentekoerse.

Soos verwag kon word, het die invloed van die nuwe regulasies op herintermediisasie ook in 1991 tot 'n afname in die omloopsnelheid van M3 geleid, nadat dit van die tweede tot vierde kwartaal van 1990 bykans onveranderd gebly het. Die omloopsnelheid van M3 het in die eerste kwartaal van 1991 met ongeveer 3 persent en in die tweede kwartaal met 'n verdere $\frac{1}{4}$ persent afgeneem.


In die statistiese of rekeningkundige sin was die toename in die monetêre instellings se eise teen die binnelandse private sektor (die groothed wat ook die meeste deur die veranderings in die nuwe regulasies beïnvloed is) steeds die belangrikste teenhanger van die toename in M3 gedurende die eerste ses maande van 1991. Toenames in die netto goud- en ander buitelandse valutareserwes het ook tot hierdie styging bygedra, veral gedurende die eerste kwartaal van 1991.

Kredietverlening deur monetêre instellings

Die koers van toename oor twaalf maande in kredietverlening deur monetêre instellings aan die binnelandse private sektor, wat van 'n hoogtepunt van 30,2 persent in Oktober 1988 tot 12,9 persent in Januarie 1991 teruggesak het, het in Februarie 1991 tot 19,0 persent toegeneem. Hierdie aansienlike styging in kredietverlening aan die private sektor was in 'n groot mate te wyte aan die implementering van die nuwe regulasies. Gemaat oor tydperke van twaalf maande het die groei in kredietverlening aan die private sektor daarna per saldo tot 18,2 persent in Mei en tot 16,8 persent in Junie afgeneem. Van die einde van Februarie 1991 tot einde Junie het die groeikoers van monetêre instellings se eise teen die private sektor (seisoensaangepas en teen 'n jaarkoers uitgedruk) slegs 13,8 persent beloop.

'n Ontleding van kredietverlening aan die private sektor volgens tipe eis toon dat die versnelling in monetêre instellings se kredietverlening in die eerste ses maande van 1991 hoofsaaklik by algemene nie-verbandvoorskotte en beleggings voorgekom het. Die teboekstelling op die balansstaat van voormalige buitebalansstaatposte is hoofsaaklik in hierdie tipe bates weerspieël. Verbandvoorskotte deur banke en bouverenigings het ook betreklik skerp gestyg. Die koers van toename oor twaalf maande in verbandvoorskotte het in Junie 1991 op 15,7 persent te staan gekom; slegs marginaal kleiner as die 17,3 persent van Desember 1990.

Kredietverlening aan die private sektor



Wissels verdiskonter het gedurende die eerste en die tweede kwartaal van 1991 afgeneem, hoofsaaklik as gevolg van die afname in die likwiedebatevereistes wat op depositonemende instellings van toepassing is.

Die geldmarktoestand en Reserwebankoptrede in die geldmark

Die geldmark het sedert die begin van 1991 betreklik likwied gebly. Die gemiddelde daaglikske *vlak van akkommodasie* by die diskontovenster van die Reserwebank het van R2,3 miljard in sowel Desember 1990 as in Januarie 1991 tot R1,4 miljard in April afgeneem. Daarna het dit weer tot ongeveer R2,2 miljard in Julie gestyg, voordat dit in Augustus tot R1,7 miljard gedaal het. In 1990 het die gemiddelde daaglikske vlak van akkommodasie R3,2 miljard beloop.


Die ruimer toestande in die geldmark gedurende die eerste agt maande van 1991 is verder bevestig deurdat akkommodasie in die vorm van oornaglenings aan banke slegs in enkele gevalle oor maandeindes nodig was, en selfs dan was die bedrae onbeduidend. Aan die einde van Maart 1991 het hierdie soort bystand R0,4 miljard beloop, waarna dit tot bykans nul afgeneem het.

Soos reeds hierbo in meer besonderhede bespreek, is die ruimer geldmarktoestande gedeeltelik teweeggebring deur die voortdurende verbetering in die *algehele betalingsbalansposisie*.

In teenstelling met hierdie ontwikkelings, het die uitbreiding in krediet wat meer met private verbruiksbesteding en investering verband hou, baie minder lewenskragtig as die totale kredietverlening vertoon. Dit blyk duidelik uit die koers van toename oor twaalf maande in *huurkoopkrediet en bruikhuurfinansiering* wat van 17,4 persent in Desember 1990 tot slegs 12,8 persent in Junie 1991 afgeneem het. Die ontrekking van sekere belastingvoordele vanaf 1 Maart 1991 wat instellings wat hierdie tipe krediet voorsien te beurt gevall het, kon moontlik hierdie stadiger groei vererger het.

Die afwaartse druk op binneilandse besteding deur private sakeondernemings en huishoudings word ook deur die uitstaande saldo's op *kredietkaartrekeninge* weerspieël. Hoewel hierdie saldo's in die eerste sowel as die tweede kwartaal van 1991 minder as 2 persent van die monetêre instellings se eise teen die private sektor uitgemaak het, verskaf veranderings in hierdie grootheid 'n goeie aanduiding van die mate waarin besteding met kredietverlening verband hou. Die koers van toename oor twaalf maande in die uitstaande saldo's op kredietkaartrekeninge op maandeindes het in Junie 1991 op slegs 15,6 persent te staan gekom, teenoor 19,1 persent in Desember 1990 en 32,2 persent in Desember 1989.

Akkommodasie by die diskontovenster



Tekorte wat deur die Reserwebank met die verskaffing van termynvalutadekking aangeteken is, het ook bygedra tot die likwiditeit in die geldmark gedurende die tweede kwartaal toe die rand merkbaar teen die dollar – die belangrikste geldeenheid waarteen termyndekking deur die Bank verskaf word – verswak het. Die betreklik gunstige betalingsbalans en die gepaardgaande toename in likwiditeit het bygedra tot die Bank se besluit om die voorkeurmarge vir termynvalutadekking ten opsigte van nuwe buitelandse finansiering te verlaag. Gedurende die tydperk van Junie tot vroeg in September 1991 is hierdie marge geleidelik verlaag van 1 persent tot nagenoeg $\frac{1}{2}$ persent per jaar minder as wat vir gewone dekkingstransaksies geld.

Geldmarklikwiditeit is ook gedurende die eerste vier maande deur 'n afname in regeringsdeposito's by die Reserwebank verruim. Die gemiddelde vlak van deposito's in die Skatkis-, Betaalmeester-generaal- en Stabilisasierekening het van R7,6 miljard in Januarie 1991 tot R5,7 miljard in April afgeneem. Daarna het dit weer skerp tot R9,5 miljard in Julie 1991 gestyg. Hierdie onlangse opbou van regeringsdeposito's was egter in 'n groot mate 'n weerspieëeling van die Reserwebank se verkoop van skatkiswissels met 'n kort looptyd in 'n poging om meer bestendige geldmarktoestande te handhaaf. Die deel van hierdie deposito's wat na die Skatkis se Stabilisasierekening oorgedra is, het gedurende Februarie 1991 van R2,1 miljard tot R3,5 miljard toegeneem en is aan die begin van Mei 1991 tot R3,7 miljard verhoog. Daarna is dit op hierdie vlak gehou.

Die gemiddelde daaglikske bedrag aan note in omloop het van die begin van 1991 redelik stabiel gebly, en geen belangrike invloed op die geldmark het vanuit hierdie bron ontstaan nie. Die ruimer geldmarktoestande van Februarie tot Junie 1991 is egter ook teweeggebring deur die vermindering van R1,0 miljard in die monetêre instellings se kontantreserves wat as deposito's by die Reserwebank gehou word, as gevolg van die verlaging van hierdie instellings se kontantreserwevereistes. Die laer kontantreserwevereistes onder die nuwe Wet op Depositonemende Instellings is oor 'n tydperk van vier maande van Maart tot Junie 1991 ingefaseer.

Die Reserwebank het gedurende die eerste agt maande van 1991 voortgegaan om die ruimer geldmarktoestand teen te werk. Om dit te kon doen, het die Bank geredelik van interventionsruiltransaksies in buitelandse valuta met die groter bankinstellings gebruik gemaak. Die hoogste maandelikse bedrae van hierdie ruiultransaksies het dienooreenkomsdig van R0,9 miljard in Januarie 1991 tot R2,6 miljard in Junie en verder tot R3,1 miljard in Augustus gestyg. Die afname in die akkommodasie by die diskontovenster is ook deur die uitreiking van spesiale skatkiswissels met 'n kort looptyd, wat in

Augustus 1991 'n hoogtepunt van R1,8 miljard bereik het, teengewerk. Omgekeerde terugkoopooreenkomste is ook in Mei en Junie tot hoogtepunte van R0,5 miljard en R0,6 miljard deur die Bank ingespan om oortollige likwiditeit uit die mark te dreineer. In die eerste vier maande van 1991 is hierdie maatreëls slegs gedurende die loop van die maand toegepas, maar sedertdien moes die Reserwebank selfs oor maandeindes inmeng.


Netto verkoope van staatseffekte deur die Reserwebank het van R0,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R2,8 miljard in die tweede kwartaal gestyg; dit was egter steeds heelwat laer as die R3,8 miljard wat in die tweede kwartaal van 1990 aangeteken is. In Julie en Augustus 1991 het netto verkoope van staatseffekte R2,1 miljard beloop. Die Bank se bruto transaksies in staatseffekte het in die tweede kwartaal van 1991 R9,7 miljard en in Julie en Augustus R11,6 miljard bereik. Die gemiddelde maandelikse waarde van die Reserwebank se transaksies in verhandelbare opsies in staatseffekte het in die tweede kwartaal op R1,5 miljard en in Julie en Augustus op R3,0 miljard te staan gekom.

Die bedrag aan skatkiswissels wat by die weeklikse tender aangebied word, is vanaf 5 April 1991 van R100 miljoen tot R130 miljoen verhoog, en vanaf 30 Mei tot R150 miljoen.

Geldmarkrentekoerse

Ná die Bankkoersverlaging op 11 Maart 1991 het

Korttermynrentekoerse



geldmarkrentekoerse in die algemeen tot vroeg in September 1991 effens afgeneem. Die markkoers op likwiede bankaksepte van drie maande, wat direk na die Bankkoersverlaging op 17,40 persent te staan gekom het, het byvoorbeeld teen die middel van Mei tot onder 17 persent gedaal en daarna binne nou grense van 16,75 tot 16,90 persent verhandel. Dit was aansienlik laer as die Reserwebank se herdiskonteringskoers vir sodanige aksepte van 17,50 persent, wat daarop gedui het dat die onderliggende vlak van likwiditeit in die geldmark hoog was en dat die beskikbaarheid van buitelandse finansiering besig was om toe te neem. Dit het ook aangedui dat markdeelnemers nog steeds 'n verlaging in Bankkoers verwag het.

Gegewe die onderliggende hoë vlak van likwiditeit in die geldmark, het selfs die gewone stygings in daggeldkoerse oor maandeindes vanaf Mei 1991 baie matig voorgekom; in teenstelling met Junie 1990, toe die koers op *interbank-daggeld* tussen 18,25 persent in die middel van die maand en 21,00 persent oor die maandeinde gewissel het, het hierdie koers in Junie 1991 slegs tussen 16,75 persent en 17,25 persent beweeg. In Julie en Augustus 1991 het dit steeds binne hierdie grense gebly.

'n Ontleding van die verloop in korttermynrentekoerse oor die langer termyn beklemtoon die meer bestendige beleidsingesteldheid wat die Reserwebank toepas, soos wat in meer besonder-

hede in die Bank se *Jaarlikse Ekonomiese Verslag* bespreek is. Uit die bygaande grafiek is dit duidelik dat die plato van 17 maande in die primakoers op oortrekings (op 'n vlak van 21 persent) van Oktober 1989 tot Maart 1991, aansienlik langer was as sy twee voorgangers (van 8 tot 9 maande) sedert daar in 1979 met die implementering van 'n meer markgeoriënteerde monetêre beleid begin is. Eweneens word die aanvaarding, sedert 1989, van 'n beleid om oormatige geldskepping dwarsdeur die konjunktursiklus te voorkom, in die beweging van korttermynrentekoerse na die aanvang van die konjekturele afwaartse fase weerspieël. In die vorige twee afwaartse bewegings het die primaakoers op oortrekings reeds binne 1½ jaar na die aanvang van die resessie aansienlik onder sy oorspronklike vlak gedaal; in die teenswoordige siklus is dit, ná 2½ jaar, nog steeds marginala hoër as aan die begin van die afwaartse beweging.


Kapitaalmarkgebeure

Teenstrydige optredes het gedurende die eerste agt maande van 1991 in die kapitaalmark voorgekom. Die verlaging van die Bankkoers in Maart, die daaropvolgende daling in korttermynrentekoerse en die opheffing van sommige lande se sanksies teen Suid-Afrika is deur 'n sterk stygging in aandelepryse teen hoë vlakke van bedrywigheid gevolg – 'n weerspieëling van 'n taamlik optimistiese siening van die toekoms. Daarteenoor het langtermynrentekoerse in die tweede kwartaal begin verstewig as gevolg van bedenkinge aangaande die owerheid se vermoë om inflasiekoerse af te bring en die sentrale regering se vermoë om sy begrote leningsbehoefte in toom te hou – in die algemeen 'n meer pessimistiese beskouing.


Die handelsbedrywigheid op die sekondêre kapitaalmarkte het in die eerste kwartaal van 1991 aanmerklik toegeneem namate kapitaalmarkrentekoerse verlangsaam en aandelepryse begin styg het. Die waarde van effekte van die openbare sektor wat op die Johannesburgse Effektebeurs verhandel is, het dienooreenkomsdig tot 'n hoogtepunt van R68 miljard in die eerste kwartaal toegeneem, maar as gevolg van die daaropvolgende verstewiging in langtermynrentekoerse in die tweede kwartaal weer tot R55 miljard afgeneem. Die maandelikse gemiddelde waarde van die verhandelde effekte van die openbare sektor het egter weer van R18,4 miljard in die tweede kwartaal tot R26,8 miljard in Julie en Augustus toegeneem, ten spyte van 'n toename in die opbrengskoers van sodanige effekte gedurende Julie en Augustus 1991.

Die waarde van aandele verhandel op die Johannesburgse Effektebeurs het van R3,5 miljard in die vierde kwartaal van 1990 tot R4,9 miljard in die eerste kwartaal van 1991 en R6,0 miljard in die tweede kwartaal verstewig. Hierdie toename in


Verloop van die prima-oortrekingskoers in die konjekturele afswaifases



Effektebeurstransaksies



JE-Aktuarisse-prysindekse vir aandele en goudprys



handelsbedrywigheid het in Julie en Augustus voortgeduur toe die gemiddelde maandelikse waarde van aandele verhandel tot R2,3 miljard gestyg het, vergeleke met die maandelikse gemiddeld van R2,0 miljard in die tweede kwartaal.

Transaksies deur nie-inwoners het bygedra tot hierdie hoër vlak van handelsbedrywigheid in die sekondêre kapitaalmark. Netto aankope van effekte van die openbare sektor deur nie-inwoners het van R153 miljoen in die vierde kwartaal van 1990 tot R285 miljoen in die eerste kwartaal en R665 miljoen in die tweede kwartaal van 1991 toegeneem. Nie-inwoners se netto aankope van prima-effekte van die openbare sektor het in Julie selfs verder tot R266 miljoen toegeneem, teenoor 'n maandelikse gemiddeld van R222 miljoen in die tweede kwartaal. Die aanmerklik hoër aandelepryse en die verstewiging van die finansiële rand het nie-inwoners se netto verkope van aandele opgestoot van R564 miljoen in die vierde kwartaal van 1990 tot R892 miljoen in die eerste kwartaal en tot R977 miljoen in die tweede kwartaal van 1991. Nie-inwoners se netto verkope van aandele het in Julie R604 miljoen bedra, vergeleke met die maandelikse gemiddelde van R326 miljoen in die tweede kwartaal van 1991.


Die aandelepryse van alle hoofkategorieë van aandele het 'n aanmerklike verbetering gedurende die eerste agt maande van 1991 getoon. Die pryse van goudmynaandele het van 'n onlangse laagtepunt in Februarie met 35 persent tot in Julie 1991 verbeter, maar het in Augustus weer verlangsaam aangesien die dollarprys van goud nie daarin geslaag het om aan verwagtings te voldoen nie. Nywerheidsaandelepryse wat aan die einde van 1990 begin verbeter het, het daarna skerp gestyg

om die onlangse hoogtepunt van Februarie 1990 met sowat 28 persent in Julie 1991 te oortref. Die Johannesburgse Effektebeurs het die reaksie van internasionale effektebeurse op die gepoogde staatsgreep in die Sowjet-Unie nougeset nagevolg en die algehele aandeleprysindeks het in 'n ietwat senuweeagtige mark met 5,2 persent op 19 Augustus afgeneem. In die daaropvolgende ontwikkelings is 'n wesenlike gedeelte van hierdie verliese weer verhaal.

Die totale maandelikse waarde van transaksies in termynkontrakte het in reaksie op die lewendige toestand op die aandelemark aanmerklik van R4,6 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R5,9 miljard in die tweede kwartaal verbeter. In Augustus 1991 het die maandelikse vlak van hierdie transaksies die groot bedrag van R3,1 miljard bedra.

In die primêre kapitaalmarkte het die bedrag aan fondse wat leners in die openbare sektor deur middel van die uitreiking van nuwe uitgiftes van vaste-rentedraende effekte aan beleggers in die bank- en nie-bank private sektor opgeneem het, van 'n hoogtepunt van R5,2 miljard in die tweede kwartaal van 1990 tot R1,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 teruggesak. In teenstelling met

Transaksies in vaste eiendom en verbandkoers vir wonings




van 'n indrukwekkende R7,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot 'n rekord R7,5 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Hierdie transaksies het van ongeveer die middel van 1987 aansienlik toegeneem en dit wil voorkom asof dit nie beduidend deur die hoë vlak van rentekoerse gedurende die grootste deel van die tydperk beïnvloed is nie.

Opbrengs- en rentekoerse op die kapitaalmark

Die gemiddelde maandelikse opbrengskoers op langtermynstaatseffekte het van 16,0 persent in Januarie 1991 tot 15,6 persent in Februarie en Maart teruggesak, voordat dit aansienlik tot 16,4 persent in Julie en verder tot 16,8 persent in Augustus 1991 verstewig het. Soos reeds aangedui is, weerspieël dit die mark se siening dat inflasie vir 'n langer periode op hoër vlakke sal bly as wat voorheen verwag is. Ten spyte van hierdie matige opwaartse neiging in langtermynopbrengskoerse, het die

Kapitaalmarkrente- en opbrengskoerse



die twee voorafgaande jare, het hierdie soortleenbedrywigheid nie aan die begin van die fiskale jaar toegeneem nie, maar slegs R1,6 miljard in die tweede kwartaal van 1991 bedra. Die bedrag aan fondse wat deur maatskappye in die private sektor deur middel van nuwe uitgifte van vaste-rentedraende effekte opgeneem is, het van R316 miljoen in die vierde kwartaal van 1990 tot R106 miljoen in die eerste kwartaal van 1991 en tot R91 miljoen in die tweede kwartaal afgeneem.

Die lewendige toestande op die aandelebeurs en die betreklik hoë koste van geleende fondse het aandelekapitaaluitgiftes deur maatskappye begunstig. Die waarde van nuwe uitgifte van gewone aandele deur genoteerde maatskappye in die private sektor het gevvolglik van R0,3 miljard in die eerste kwartaal tot R1,9 miljard in die tweede kwartaal van 1991 toegeneem. Laasgenoemde totaal sluit 'n groot individuele uitgifte van R1,1 miljard in.

In die verbandmark het die bedrag wat die vernaamste depositonemende instellings aan verbandlenings uitbetaal het, van R2,3 miljard in die eerste kwartaal van 1991 tot R3,0 miljard in die tweede kwartaal toegeneem. Die toename in hierdie instellings se besit aan verbandlenings het van R2,0 miljard tot R2,2 miljard gedurende dieselfde periode verstewig.

Die waarde van transaksies in vaste eiendom het

toename in die gemete inflasiekoers 'n afname in die reële opbrengskoers van langtermynstaatseffekte van 'n reeds lae koers van 1,5 persent in Januarie tot 0,5 persent in Julie 1991 tot gevolg gehad.

Die bouverenigings se oorheersende koers op huisverbandlenings wat in Oktober 1989 tot 20,75 persent verhoog is, is tot in Februarie 1991 op hierdie vlak gehandhaaf. Gepaardgaande met die Reserwebank se verlaging in Bankkoers, het bouverenigings hul verbandkoers in Maart 1991 tot 19,75 persent verlaag. Banke het eers vanaf die begin van April 1991 hul koers van 20,75 persent tot 19,75 persent verlaag.

Die rentekoers op deposito's van twaalf maande soos deur banke en bouverenigings aangedui en wat as verteenwoordigend van depositokoers in die algemeen beskou word, is in reaksie op die verlaging van uitleenkoers en in 'n poging om ietwat meer gerieflike rentekoersmarges te bewerkstellig, in April 1991 van 16,5 tot 16,0 persent verlaag.

Die dividendopbrengskoers van alle kategorieë van aandele het van November 1990 tot Julie 1991 met 1,2 persentasiepunte afgeneem as gevolg van die styging in die algemene aandelepryspeil op die Johannesburgse Effektebeurs. Die verdiensteopbrengskoers het oor dieselfde periode selfs nog skerper met 3,4 persentasiepunte afgeneem vanweë die minder indrukwekkende finansiële resultate van genoteerde maatskappye in verskeie sektore van die ekonomie in die huidige ekonomiese afwaartse beweging.

Die koers op gedeeltelik belastingvrye beleggings is in Maart 1990 met 1,5 persentasiepunte en in Maart 1991 met 0,5 persentasiepunte tot sy huidige vlak van 12 persent verhoog om te vergoed vir die geleidelike uitfasering (met 20 persent per jaar oor 'n tydperk van vyf jaar) van die gedeeltelik belastingvrye status van die rente wat op hierdie beleggings verdien word.


Die maksimum toelaatbare koers op financieringskoste, soos dit kragtens die Woekerwet vastgestel word en wat in Julie 1991 van 30 tot 29 persent en van 33 tot 32 persent vir "groot" en "klein" geldlenings-, krediet- en bruukhuurtransaksies onderskeidelik verlaag is, is op hierdie vlakke gehandhaaf.

Staatsfinansies

Staatsbesteding en Skatkisuitreikings

Die aangetekende uitkoms van staatsbesteding (op 'n basis saamgestel wat vergelykbaar is met die Begroting van die Sentrale Regering) en van Skatkisuitreikings, verskaf teenstrydige aanduidings van ontwikkelings in besteding in die Junie-kwartaal van 1991 (dit wil sê die eerste kwartaal van die fiskale jaar 1991/92). Die koers van toename oor een jaar in die staatsbesteding het soveel as 20,7 persent in die Junie-kwartaal bedra, wat effens laer was as die 21,3 persent in die Maart-kwartaal. Aangesien hierdie koers van toename aanmerklik hoër was as die begrote toename van 13,7 persent in staatsbesteding vir die fiskale jaar 1991/92 in sy geheel, het hierdie hoë koers duidelik rede tot kommer gegee. Die toenamekoers oor een jaar in *Skatkisuitreikings* (ná die gebruiklike aansuiwing vir veranderings in die saldo op die Betaalmeester-generaalrekening) het egter van 20,1 persent in die Maart-kwartaal van 1991 tot 11,9 persent in die Junie-kwartaal afgeneem. Hierdie meer realistiese interpretasie van ontwikkelings aan die bestedingskant van die Begroting het dus

Skatkisontvangste en -uitreikings



daarop gedui dat besteding steeds binne die begrotingsriglyne val.


In Julie-Augustus 1991 het die toenamekoers oor een jaar in skatkisuitreikings aan staatsdepartemente aansienlik gestyg. Hierdie uitreikings was gevvolglik in die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92 15,4 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1990/91. Die totale Skatkisuitreikings in Julie 1991 het die oordrag van R450 miljoen na die Uitvoerkrediether-versekeringsfonds, wat in die Begroting voorsien is, ingesluit. Hierdie uitgawe is uit die finansiering-surplus van 1990/91 befonds en is nie in die Sentrale Regering se begrotingsraming vir uitgawes in die fiskale jaar 1991/92 ingesluit nie. Indien hierdie bedrag by die Skatkisuitreikings aan staatsdepartemente vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92 getel word, en die resultaat dan met die begrote en buite-begroting besteding van die voorafgaande fiskale jaar vergelyk word, het die koers van toename oor een jaar in uitreikings in werklikheid tot 10,2 persent verminder. Hierdie laer

koers van toename kan egter toegeskryf word aan die oorbetaling van R2,0 miljard aan die Onafhanklike Ontwikkelingstrust in Julie 1990 wat in die bestedingsyfers vir die fiskale jaar 1990/91 ingesluit is. Aangesien die Onafhanklike Ontwikkelingstrust nou eers begin het om hierdie bedrae te bestee, het dit ook nou eers 'n invloed op ekonomiese bedrywighede.


Staatsinkomste en Skatkisontvangste

Die koers van verandering oor een jaar in die staatsinkomste (ook op 'n vergelykbare basis met die Begroting saamgestel) het 'n marginale toename vanaf 'n negatiewe syfer van 0,8 persent in die Maart-kwartaal van 1991 tot 'n positiewe syfer van slegs 0,7 persent in die Junie-kwartaal getoon. Die ooreenstemmende koers van verandering in die Skatkisontvangste (met inbegrip van die "eie inkomstes" van die administrasies vir Eie Sake) het ook vanaf 'n negatiewe syfer van 2,5 persent tot 'n positiewe syfer van 2,1 persent oor dieselfde tydperk verander. Effens hoër inkomstes is egter gedurende Julie-Augustus ingevorder, en gevvolglik was die totale Skatkisontvangste vir die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92 5,0 persent hoër as in die ooreenstemmende tydperk van die fiskale jaar 1990/91. Hierdie koers van toename is nogtans steeds aansienlik laer as die koers van 11,1 persent wat in die Begroting van Maart 1991 vir die fiskale jaar in sy geheel voorsien is. Hierdie betreklike swak vertoning van Skatkisontvangste in die eerste vyf maande van fiskale jaar 1991/92 kan toegeskryf word aan die langer-as-verwagte toenames in aksynsreg, die brandstofheffing en inkomstebelastingontvangste.


Algemene verkoopbelasting en bruto binnelandse besteding



Bo-belasting en goudmynbelasting



Skatkistekort



Selfs meer verontrustend is die feit dat die koers van toename in Skatkisontvangste sedert die Juniekwartaal van 1990 'n aanmerklike dalende neiging getoon het. Hierdie dalende neiging kan veral toegeskryf word aan die afname in die ontvangste van goudmyne, wat meegebring is deur die verdere infasering van 'n hersiene belastingformule en as gevolg van die myne se laer winste as gevolg van die stagnante randprys van goud en die toename in produksiekoste. Verder het die ontvangste uit die bo-belasting op invoer ook gedurende hierdie tydperk afgeneem as gevolg van die gedifferensieerde bo-belastingkoerse op verskeie ingevoerde goedere wat in die Begrotings van Maart 1990 en Maart 1991 verlaag is. Die dalende neiging in die Skatkisontvangste was ook beïnvloed deur die afname in binnelandse ekonomiese bedrywigheid wat tot laer groei in die ontvangste uit algemene verkoopbelasting en die brandstofheffing aanleiding gegee het.

Tekort voor lenings

Die Skatkistekort voor lenings en skuldaflossing het gedurende die eerste vyf maande van die fiskale jaar 1991/92 R8 665 miljoen bedra, of R3 537 miljoen meer as in die ooreenstemmende tydperk in die fiskale jaar 1990/91. Op hierdie vlak was die kumulatiewe tekort vir die vyf maande tot Augustus 1991 gelyk aan 85,6 persent van die tekort van R10 118 miljoen wat in die Begroting van Maart 1991 vir die fiskale jaar in sy geheel in die vooruitsig gestel is. Die Skatkistekort van R8 665 miljoen vir hierdie vyf maande is deur die benutting van die volgende skuldinstrumente en beskikbare kontantsaldo's gefinansier:

	R miljoene
Staatseffekte	7 254
Skatkiswissels	1 810
Nie-bemarkbare obligasies	-42
Buitelandse lenings	-22
Aanwending van kontantsaldo's	115
Totale bruto finansiering	9 115
Min oordragte na die Uitvoerkrediet-herversekeringsfonds	450
Totale netto finansiering van Skatkistekort ..	8 665

Die Skatkistekort van R6 014 miljoen vir die vier maande tot Julie 1991, plus die diskonto van R1 395 miljoen op nuwe uitgifte van staatseffekte (in totaal dus R7 409 miljoen), is uit die volgende bronne gefinansier:

	R miljoene
Openbare Beleggingskommissaris	3 822
Nie-bank- private sektor	1 804
Banksektor:	
Korporasie vir Openbare Deposito's	14
Ander banke	1 998
Buitelandse sektor	-229
Totale finansiering	7 409

Bykomstige fiskale maatreëls in Augustus en September 1991 aangekondig

Op 21 Augustus 1991 het die Minister vir Finansies sekere bykomstige belasting- en bestedingsmaatreëls aangekondig wat in hoofsaak gerig was om meer hulp aan mense in die laer-inkomstegroepe te verskaf. Hierdie maatreëls sluit die volgende in:

- die instelling van belasting op toegevoegde waarde op 30 September 1991 teen 'n koers van 10 persent in plaas van 12 persent soos wat in die Begroting van Maart 1991 aangekondig is;
- 'n verhoging in maatskaplike bystandtoelaes;
- mediese dienste en medisyne wat deur mediese skemas en fondse, staats- en provinsiale hospitale sowel as deur klinieke van die staat en plaaslike owerhede verskaf word, is van die belasting op toegevoegde waarde vrygestel;
- ledebydraes tot "tradisionele" of enige ander vakbond is van die belasting op toegevoegde waarde vrygestel;
- goudmunte word in die toegevoegde waarde belastingstelsel teen die nulkoers belas; en
- tydelike maatreëls is ingestel om verligting te verleen vir die oprigting en verkoop van woongeboue.

Die Minister het die verlies aan staatsinkomste wat deur die voorgestelde veranderings met die

belasting op toegevoegde waarde ontstaan, op R1 400 miljoen in die fiskale jaar 1991/92 geraam. Daar is ook geraam dat die addisionele maatskaplike bystandstoelaes die staat R150 miljoen in die fiskale jaar 1991/92 sal kos, maar dat dit uit die gebeurlikheidsreserwe gefinansier sou word waarvoor in die Begroting van Maart 1991 voorsiening gemaak is. Ten einde die verlies aan staatsinkomste in 1991/92 wat weens hierdie maatreëls ontstaan teen te werk, het die Minister stygings in die brandstofheffing en die aksynsregte op drank, tabak, motors en ander "weelde" artikels aangekondig. Hierdie aanpassings in die brandstofheffing en die aksynsregte sal na raming die staatsinkomste in die fiskale jaar 1991/92 met R890 miljoen verhoog.

Die netto uitwerking van hierdie bykomstige maatreëls sal derhalwe 'n toename van R510 miljoen in die Begrotingstekort voor lenings tot gevolg hê. Met inagneming van die addisionele R1,0 miljard vir sosio-ekonomiese opheffing wat ook ná die Begroting van Maart 1991 aangekondig is, sal die aangepaste Begrotingstekort in die fiskale jaar 1991/92 R11,6 miljard of ongeveer 3,8 persent van die verwagte bruto binnelandse produk beloop. Die omvang van hierdie aangepaste Begrotingstekort dui op 'n meer ekspansionistiese fiskale beleid singheid as wat in die Begroting van Maart 1991 in die vooruitsig gestel is.

Op 27 Augustus 1991 het die Minister vir Ekonomiese Samewerking en Openbare Ondernemings besonderhede bekendgemaak van die toewysing van die addisionele R1,0 miljard wat vir sosio-ekonomiese opheffing bestem is. Soos deur die Staatspresident in April 1991 verklaar is, sal hierdie addisionele staatsbesteding deur die verkoop van strategiese voorrade gefinansier word. Volgens die Minister is die goedgekeurde projekte aanvaar op die grondslag dat dit arbeidsintensief is en langertermynngroei sal aanmoedig. Die grootste deel van die beskikbare R1,0 miljard, naamlik 74 persent, sal aangewend word om agterstande in die minder bevoorregte gemeenskappe te verminder. Die goedgekeurde toewysings tot die sosio-ekonomiese projekte sluit die volgende in:

- die stigting van perseel-en-diens skemas vir plakker nedersettings en die verskaffing van drinkwater in plattelandse gebiede;
- padbouprojekte;
- die bou van 1 900 nuwe klaskamers;
- die oprigting van 141 klinieke en 64 kinderbe-waarplekke;
- die opgradering van hostelle;

- die konstruksie van addisionele satelliet polisiekantore en polisiekontakpunte; en
- verskeie ander gemeenskapsdienste soos gemeenskapsentrums, sentrums vir die bejaardes, pre-primêre skole, kindertehuise en basiese sportfasiliteite.

Op 5 September 1991 is dit aangekondig dat die Staat korttermynbelastingaansporings vir uitvoer goedgekeur het wat bestaan uit die versnelde belastingafskrywings op kapitaalbesteding wat vir die veredeling van plaaslike grondstowwe aangewend word. Hierdie aansporings sal ondernemings in staat stel om met die afskrywing van die kapitaalkoste op masjinerie, eiendom en voor-produksie rente teen 'n koers van 20 persent per jaar te begin sodra hierdie koste aangegaan is. Die Kommissaris van Binnelandse Inkomste sal verhandelbare belastingkredietcertifikate uitrek in die gevalle waar aftrekkings nie dadelik teen inkomste afgetrek kan word nie. Hierdie aansporings sal slegs op projekte van toepassing wees wat deur 'n komitee wat deur die Staat aangestel is, goedgekeur is.

Opmerkings oor tabelle

In hierdie uitgawe van die *Kwartaalblad* is die tydreekse oor die effektiewe wisselkoerse van die rand in tabelle S-82 en S-116 hersien om nuwe gewigte en 'n nuwe "mandjie" van buitelandse geldeenhede te weerspieël wat op Suid-Afrika se handels- en dienstetransaksies met die res van die wêreld vir die jaar 1989 gebaseer is. Die ses geldeenhede waaruit die nuwe handelsgeweegte indekswaarde van die rand saamgestel is, is die VSA-dollar, VK-pond, Duitse mark, Japanse yen, Nederlandse gulden en Italiaanse lira.

Die reële effektiewe wisselkoers van die rand is ook deur die hersienings van Suid-Afrika se produksieprysindekse beïnvloed.

Die totale uitwerking van die hersienings was dat die nominale sowel as die reële effektiewe wisselkoers na hoër vlakke beweeg het, maar dat die neiging in hierdie koerse nie wesenlik verander het nie.